Gimmie Griffie

20 Oktober 2017

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 33***

GEAGTE OUERS

Geluk aan die volgende matrikulante met pragtige toekennings by die prysuitdeling:

Duxleerder: Anchen Badenhorst
Gimmie-leerder: Milandré Stafford
Senior sportseun: Arno Gustafson
Senior sportdogters: Lené de Kock en Annien Müller
Topprestasie in sport: Jana Steinmann en André van Rooyen
Senior kultuurseun: Christo Horn
Senior kultuurdogter: Marguerite Olivier
Uitvoerende kunstenaar: Jade Jantjies
Gimmie-*Guts*: Anchen Badenhorst en Jade Jantjies

Baie sterkte aan al ons leerders met die eksamen. Werk hard en glo dat dit goed sal gaan. Graad 8 tot 11 moet tot Dinsdag 24 Oktober by die skool wees.

Ons benodig dringend ekstra hulp met die eksamentoesig. Indien enige van u bereid is om hiermee te help, kontak asseblief vir mnr. Johan Benson by 076 091 0916.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

EKSAMENREËLS VIR LEERDERS

Enkele belangrike sake vir u aandag:

- Alle leerders wat skryf, moet vir die eerste sessie om 07:30 by die skool wees. Vir die tweede sessie moet hulle om 10:30 aanmeld en dieselfde prosedure word gevolg as vir die eerste sessie. Die handboeke word op die laaste dag wat die vak geskryf word, ‘n halfuur voor die skryfsessie by die vakpersoneel ingegee.
- Leerders gaan direk na die lokaal waar hul eksamen skryf.
- Leerders moet om 07:40 of 10:40 sit.
- Vraestelle word om 07:45 of 10:45 uitgedeel en voorgelees.
- Stillees van vraestelle van 07:50-08:00 of 10:50-11:00.
- Skryfsessie begin om 08:00 of 11:00 tot einde van vraesteltyd.
- ‘n Beroep word op leerders gedoen om asseblief die tydreëlings te gehoorsaam.
- Geen studiemateriaal of papiere mag in die lokaal ingeneem word nie.
- Sakke en tasse moet voor in die lokaal geplaas word tydens skryfsessie.
- Geen selfone; eet- en drinkgoed word in eksamenlokaal toegelaat nie.

- Ouers en leerders moet daarop let dat **ALLE REËLS** ten opsigte van voorkoms en netheid steeds tydens die eksamen geld. Daar sal gereeld voorkomsinspeksie gedoen word. Ons versoek almal se samewerking in die verband om onnodige probleme te vermy.
- Aangesien hierdie eksamen bepalend kan wees vir SLAAG of DRUIP van 'n leerder, rig ons 'n versoek aan alle ouers om toe te sien dat leerders doelgerig sal studeer en die erns van die eksamen besef.
- Volgens die departement behoort alle leerders tydens die eksamen by die skool te wees. Indien leerders 'n vraestel mis weens afwesigheid, sal nul toegeken word, tensy die afwesigheid met 'n doktersbrief gestaaf word. Op dae wat die leerders nie skryf nie, vereis ons 'n gewone brief of e-pos van u as ouer.
- Wanneer koshuisleerders klaar geskryf het, moet hul onmiddellik na die onderskeie koshuise beweeg, waar die diensdoenpersoneel reëlings met hulle tref.

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Dinsdag 24 Oktober
Eksamen begin: Graad 12
Landloop: Liga 4

Donderdag 26 Oktober
Eindeksamen begin: Graad 8-11

Saterdag 28 Oktober
Krieket: Noordvaal-semifinaal

KRIEKET: NW-FINAAL

Die eerstespan verloor met 1 paaltjie teen Volkies. Ronald Hendricks teken 29 lopies aan en Rikus Swart neem 4 paaltjies. Die derde span wen met 128 lopies teen *Fields College* van Rustenburg. Ian van Wyk teken 72 lopies aan en Benic van Onselen spog met 39 onoorwonne lopies. Divan Mienie neem 2 paaltjies en staan slegs 9 lopies af.

Baie geluk aan die volgende seuns wat in die onderskeie NW-krieketspanne opgeneem is om aan die nasionale toernooie te gaan deelneem: Ricus Swart, Marco Jansen, Ronald Hendricks, Vernon Charslund, Simphiwe Mkhwanazi, Duan Jansen en Junior Mathe.

ATLETIEK

Gimmies het die afgelope naweek aan die jaarlikse Elardus Erasmus-byeenkoms van Hoërskool Hans Strijdom in Naboomspruit deelgeneem. Gimmies eindig algeheel vierde uit die 44 skole wat deelgeneem het. Die top vyf skole se finale puntestand is soos volg: *Prestige College* (21082), Helpmekaar (21082), Garsfontein (20332), Gimmies (19888) en Kempton-park (19827). Karmen Fouché spog met die uitsonderlike prestasie om vir beide haar items meer as 1000 punte te behaal. Die volgende atlete het meer as 1000 punte per item behaal: Danielle Verster, Wian Oosthuizen, Michael van Rooyen, Almero Niemann, Marthinus du Preez, Lumka Gebengana, Donevan du Toit en Maritz Pieters.

DOGTERSKRIEKET

Ané van Wyk is vir die NW-o/19 dogters-krieketspan gekies wat aan die nasionale hoërskole-toernooi gaan deelneem.

SKAAK NW-FINAAL

Die o/19-span het met 4½ punte teenoor 1½ punte teen Rustenburg gewen. Die spelers ontvang hul NW-kleure, goue medaljes asook die gesogte wisseltrofee as die beste skole-skaakspan in Noordwes. Die spanlede is Lené de Kock, Phillip du Preez, Anais Saayman, Kyle Coetzee, Niel Bekker, Reuben Smit, Driekus Redelinghuys en Wiehan Jonker.

SAICA REKENINGKUNDE-OLIMPIADE

Gimmies is vir die derde jaar in 'n ry as die wenskool in Noordwes in die *SAICA* Rekeningkunde-olimpiade aangewys. Me. Christine Pienaar is ook weer as die top-onderwyser aangewys. Baie geluk.

BIOSCIENCE NATUURWETENSKAPPE-OLIMPIADE

Die volgende leerders het merietebalkies vir hulle prestasies ontvang:

Goud (80%+)
Jürgen Peters en Michelle Hamman.

Silwer (70%+)
Lukas Esterhuizen, Anne-Marie Hoffman, Carli Reynecke, Merice Swart, Anika van der Westhuizen en Michael van Rooyen.

Brons (60%+)
Lize van der Westhuizen, Rozanne van Abo en Hendrik Nel.

EKSTERNE MUSIEK-EKSAMENS

Alle leerlinge wat in eksterne musiekeksamens (prakties, sowel as teorie) presteer, ontvang 'n toekenning by die prysuitdeling. Die eksameninstansies wat erken word, is UNISA, ABRSM (*Associated Board of the Royal Schools of Music),* TRINITY COLLEGE en ALMSA.

Leerders wat reeds eksamen afgelê het, asook leerders wat nog in November eksamen gaan aflê, moet hulle name vir mev. Francis de Wet gee. Alle uitslae moet voor / op Vrydag 26 Januarie 2018 by mev. De Wet ingehandig word.

TENDER VIR SNOEPWINKEL VANAF 1 JANUARIE 2018

- BL moet die spyskaart sowel as die pryse goedkeur.
- EEN gesonde kossoort elke dag.
- Moet elke pouse oop wees asook 'n uur na-skool op Maandae tot Donderdae.
- Die skool behou die reg om EEN dag per maand self verversings te verkoop, bv. Entrepreneursdag.
- Tenderbedrag moet per jaar wees, maar dit moet maandeliks of kwartaalliks betaal word.

Sluitingsdatum 30 Oktober om 12:00 by ontvangs.
Navrae: Hoof (083 235 0600 of rao@gimmies.co.za)

Dui aan of u sou belangstel om verversings by ander skoolfunksies ook te behartig.

EKSAMENROOSTER – OKTOBER/NOVEMBER 2017						
Datum	**Sessie**	**Graad 12**	**Graad 11**	**Graad 10**	**Graad 9**	**Graad 8**
Di 24/10	1	EHL & FAL P1 (2h)				
Wo 25/10	1	RK (3h)	LO (2½)	LO (2½)		
Do 26/10	1		AFR 1 (2h)	EHL (2½) FAL P2 (2)		AFR V3(2h)
Vr 27/10	1	W 1 (3h) WG 1 (3h)	GEO (2½) MU 2 (1½)	LW V1 (2½)		
	2		GEO (1½)	EHL P1 (2½) E FAL P1 (2)		
Ma 30/10	1	W 2 (3h) WG 2 (3h)		LW V2 (2½)		
	2	VK (3h)	EHL P1 (2½) FAL P1 (2h)			
Di 31/10	1	GEO 1 (3h)		RTT V1 (3h)	EBW (1½)	ENG P1 (2½)
	2	GEO 2 (1½)	EHL P2 (2½) FAL P2 (2h)	RTT V1 (3h)		
Wo 1/11	1		RTT V1 (3h)	AFR V2 (2½)		LO (2h)
	2	IT 2 (3h)	RTT V1 (3h)			
Do 2/11	1	AFR 1 (2h)	IT V1 (4h) VS (3h)			AFR V2(2h)
	2	EK 1 (2h)		IT V1(4h) EK V1 (2h)	ENG P4 (1½)	
Vr 3/11	1	FW(Fisika) (3h)	FW V1(2h)	W V1 (2h) WG V1 (2h)		WISK 1(2h)
	2					
Ma 6/11	1	FW (Chemie) (3h)	FW V2 (2h)	W V2 (2h) WG V2 (2h)		
	2	RTT 2 (3h)				
Di 7/11	1		RK (3h) ST (3h)	EK V2 (2h)	WISK (2h)	WISK (2h)
	2	EK 2 (2h)		OK (2h)		
Wo 8/11	1	EHL & FAL 2 (2½)	IGO V1 (3h) MU 1 (3h)	AFR 1(2h)		GEO (2h)
	2	DRAMA (3h)				
Do 9/11	1		EK V2 (2h) VK (2h)	BS (2½)		EBW (1½h)
	2					
Vr 10/11	1	LW 1 (2½)	W V1 (2h) WG V1 (2h)	FW V1(2h)		
	2					
Ma 13/11	1	LW 1 (2½)	W V2 (2h) WG V2 (2h)	FW V2 (2h)	AFR V2(2h)	
	2	IGO 1 (3h)				
Di 14/11	1		RTT V2 (3h)		WISK 1(2h)	ENG P2 (2h)
	2	VS (3h)		RTT V2		
Wo 15/11	1	AFR 2 (2½)	IGO V2 (3h) MU V3	GEO 1 (3h) MU	GEO (2h)	
	2			GEO 2 (1½) MU	ENG P2 (2h)	GESK (2h)
Do 16/11	1		AFR 2 (2½)	MU V2 (1½)	AFR V3(2h)	
	2					
Vr 17/11	1		LW V1(2½)	IGO V1 (2h)	WISK 2 (2h)	
	2	ST (3h)		VK (2h)		TEG (2h)
Ma 20/11	1		LW V2 (2½)	IGO V2(2h)	EBW (2h)	
	2	IGO 2 (3h)				
Di 21/11	1		BS	RK (3h)	GESK (2h)	
	2				ENG P3 (2h)	NW (2h)
Wo 22/11	1	MU TEORIE (3h)	IT V2 (3h) OK (2h)	IT V2 (2½) VS (3h)	NW (2h)	
	2	MU BEGRIP (1½)				
Do 23/11	1	BS (3h)	EK V1 (2h)		TEG (2h)	K & K (2h)
	2					
Vr 24/11	1	AFR 3 (2½)	DRAMA (2h)	MU 1(2½)	LO (2h)	
	2					
Ma 27/11	1	EHL & FAL 3 (2½)		DRAMA (2h)	K & K (2h)	
	2					
DI 28/11	1					
	2	OK (3h)				

Potchefstroom verwelkom Dr Melodie de Jager - Stigter van Mind Moves®

Verwyder leerblokkasies met Mind Moves

Dit is elke ouer en onderwyser se droom om kinders te lei en die weg te baan om hul volle potensiaal te ontwikkel. Leerblokkasies is egter 'n realiteit wat daagliks in elke klaskamer voorkom.

Kom luister gerus na Dr. Melodie de Jager en vind meer uit oor reflekse en hoe 'n kind se fisiese ontwikkeling 'n rol speel in skolastiese prestasie.

Melodie se opleiding strek oor 'n breë en diverse spektrum wat wissel van 'n B.Prim.Ed (RAU) in 1982, 'n B.Ed Psig (RAU) in 1985, 'n M.Ed Psig (RAU) in 1993 oor wiskunde en wetenskap leergereedheid tot 'n D.Phil (RAU) in 2005.

Ten spyte van haar formele kwalifikasies is Melodie gou om daarop te wys dat sy die heelmeeste tuis leer – tussen haar kinders en kleinkinders. Melodie het ook 'n privaat praktyk waar sy gereeld met babas, kinders, tieners en volwassenes werk.

Datum:	**24 Oktober 2017**
Tyd:	**14:30**
Plek:	**Laerskool Baillie Park Skoolsaal**
Kontak:	**Jenny-Lee van Biljon 071 629 0432**

www.mindmoves.co.za